education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## VERBRUIKERSTUDIES

## NOVEMBER 2006

**PUNTE: 200**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 18 bladsye en 'n antwoordblad.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. AFDELING A moet op die aangehegte ANTWOORDBLAD beantwoord word en AGTER in die ANTWOORDEBOEK geplaas word.

2. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Beantwoord AL die afdelings (AFDELING A, B, C, D en E).

## AFDELING A

## VRAAG 1: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

Verskeie moontlike opsies word as antwoorde vir die volgende vrae verskaf. Kies die korrekte antwoord en maak 'n kruisie (X) oor die letter (A - D) langs die vraagnommer (1.1 - 1.30) op die aangehegte antwoordblad.

1.1 Watter EEN van die volgende voedselsoorte kan maklik deur bakterieë besmet word?

A Groenbone
B Vrugteslaai
C Muffins
D Vleispasteie (1)

1.2 Wortels is ryk aan ...

A vitamien A.
B vitamien B.
C vitamien $B_{12}$.
D vitamien D. (1)

1.3 Watter EEN van die volgende voorbeelde is 'n ongunstige toestand vir mikro-organismes se groei?

A Teenwoordigheid van vog
B Tekort aan lug
C Lae temperature
D Teenwoordigheid van voedsel (1)

1.4 Hierdie is 'n voorbeeld van voedsel wat maklik bederf:

A Meel
B Simba skyfies
C Pynappels
D Seekos (1)

1.5 'n Tekstiel wat sy oorspronklike vorm behou nadat dit gerek het, is ...

A elasties.
B stabiel.
C soepel.
D staties. (1)

1.6 Watter EEN van die volgende is 'n sellulosevesel?

A Wol
B Sy
C Akriel
D Katoen (1)

1.7 'n Verklaring wat aan 'n produk geheg word met inligting oor die produk is 'n ...

A etiket.
B handelsnaam.
C instruksie.
D vervaldatum. (1)

1.8 Hierdie stoele moet gemaklik wees en rugondersteuning aan mense met spesiale behoeftes bied:

A Seilstoele
B Rolstoele
C Leunstoele
D Piekniekstoele (1)

1.9 Dit identifiseer 'n produk van 'n maatskappy:

A Handelsnaam
B Etiket
C Prysetiket
D Vervaldatum (1)

1.10 'n Leningkontrak om 'n huis te koop, is 'n ...

A polis.
B verband.
C subsidie.
D huur. (1)

1.11 As 'n tekstiel verglans word, verbeter die ...

A kleur.
B tekstuur.
C draadrigting.
D gare. (1)

1.12 'n Baadjie met 'n tekstielsamestelling van ... sal NIE kreukel as dit in baie warm weer gedra word nie.

A poliëster
B linne
C linnepoliëstermengsel
D katoen (1)

1.13 Hierdie tekstiele is poreus en laat vrye lugsirkulasie toe:

A Geweef
B Gemeng
C Gebrei
D Gevleg (1)

1.14 'n Dubbelverdiepingshuis word 'n ... genoem.

A simpleks.
B dupleks.
C kothuis.
D 'lodge'. (1)

1.15 Die lig wat die huis deur die venster binnedring, is ... lig.

A natuurlike
B flueresserende
C kunsmatige
D direkte (1)

1.16 Vrugte en groente is ryk aan ...

A kalsium.
B koolhidrate.
C vitamiene.
D minerale. (1)

1.17 Die hooffunksie van nutriënte in vrugte en groente is om ...

A liggaamsweefsel op te bou en te herstel.
B die liggaam van hitte en energie te voorsien.
C die liggaam teen siektes te beskerm.
D die liggaamsprosesse te reguleer. (1)

1.18 Watter EEN van die volgende is NIE 'n doelwit van advertering nie?

A Om nuwe verkope bekend te stel
B Om nuwe verkope te verhoog
C Om handelsnaambewustheid te skep
D Om die vloei van geld te verminder (1)

1.19 'n Enkelgesinshuis is 'n voorbeeld van ...

A hoëdigtheidsbehuising.
B mediumdigtheidsbehuising.
C laedigtheidsbehuising.
D mobiele huise. (1)

1.20 'n Gebreide stof het ... gare.

A stapel- en aaneenlopende
B inslag- en skerings-
C skerings- en stapel-
D skerings- en aaneenlopende (1)

1.21 Shaun het 'n ... hulpmiddel nodig sodat hy sportklere kan koop.

A omgewings-
B natuurlike
C materiële
D tegnologiese (1)

1.22 As jy besluit het om 'n entrepreneur in 'n kleinskaalse ontwikkeling te word, is die eerste ding wat jy moet doen die ...

A beplanning van werkruimte.
B produksieproses.
C marknavorsing.
D proseskaart. (1)

1.23 Nomusa dra eerder 'n ligte kleur rok as 'n swart rok in warm weer. Sy gebruik haar ... hulpmiddels.

A materiële
B menslike
C tegnologiese
D gemeenskaplike (1)

1.24 Cindy het haar ma se basiese resep gebruik om 'n verjaardagkoek te bak. Dit is 'n voorbeeld van 'n ... hulpmiddel.

A natuurlike
B menslike
C tegnologiese
D gemeenskaplike (1)

1.25 Die prys van goedere per kilogram, meter, liter of uur is die ...

A aankoopprys.
B eenheidsprys.
C verkoopprys.
D uitverkopingsprys. (1)

1.26 Absorbeervermoë van 'n vesel beteken die vermoë om ...

A na sy oorspronklike vorm en grootte terug te keer.
B 'n redelike tyd te hou onder normale omstandighede.
C sy vorm en grootte te behou.
D vog te absorbeer en te behou voordat dit klam voel. (1)

1.27 Voedselgewoontes van verskillende groepe mense word deur ... beïnvloed.

A godsdiens en kultuur
B die winkels in die area
C ouers en geld
D kinders en geld (2)

1.28 Voorbeelde van voedsel wat ryk aan vesel is en goeie bronne van proteïene is, is ...

A lensies en neute.
B sojabone en pasta.
C grane en lensies.
D neute en grane. (2)

1.29 Watter van die volgende voedsel sal vir 'n aktiewe tiener geskik wees?

A Vars vrugteslaai en room
B Aartappels en groen slaai
C Blomkool en kaas
D 'n Eier-en-kaastoebroodjie (2)

1.30 Poliëstervesels word dadelik deur verbruikers aanvaar as gevolg van die volgende eienskappe:

A Maklike versorging en kreukeltraagheid
B Kreukeltraagheid en hoë vogabsorpsie
C Elastisiteit en hoë vogabsorpsie
D Maklike versorging en 'n lekker reuk (2)

**[34]**

## VRAAG 2

2.1 Kies die terme uit KOLOM B om by die beskrywings in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A - J) langs die vraagnommer (2.1.1 - 2.1.8) op die aangehegte ant-woordblad neer.

| | KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|---|
| 2.1.1 | Mense wat nie vleis eet nie | A | wanvoeding |
| 2.1.2 | Siekte as gevolg van voedsel wat met toksiene besmet is | B | gebalanseerde |
| 2.1.3 | Kos en drank wat ons gereeld inneem | C | kultuur |
| 2.1.4 | Siekte as gevolg van 'n proteïentekort | D | voedselvergiftiging |
| 2.1.5 | Hoeveel en hoe gereeld 'n persoon eet | E | vegetariër |
| 2.1.6 | Chemiese veranderinge in voedsel word hierdeur veroorsaak | F | dieet |
| 2.1.7 | Hierdie tipe dieet voorsien al die nodige nutriënte in die regte hoeveel-hede | G | kwasjiorkor |
| 2.1.8 | 'n Faktor wat ons eetpatroon beïn-vloed | H | dieetplan |
| | | I | ensieme |
| | | J | maaltydpatroon |

(8)

2.1 Kies die korrekte antwoorde uit KOLOM B om by die voorbeelde in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A - J) langs die vraagnommer (2.2.1 - 2.2.8) op die aangehegte antwoordblad neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 2.2.1 | Die reg op billike pryse | A | Sue het 'n terugbetaling vir 'n swak produk geëis |
| 2.2.2 | Die reg op kwaliteit/gehalte | B | Marge het by die bestuurder oor swak diens gekla |
| 2.2.3 | Die reg om gehoor te word | C | Cindy koop melk nadat sy die vervaldatum bestudeer het |
| 2.2.4 | Die reg op vervanging van produkte | D | Joe koop kos by dieselfde winkel omdat hy vriendelik behandel word |
| 2.2.5 | Die reg om met respek behandel te word | E | Prudence het besluit om 'n spesifieke soort meel vir die beste resultate te koop |
| 2.2.6 | Die reg om ingelig te word | F | jy kan besluit watter selfoon jy wil koop |
| 2.2.7 | Die reg om te kies | G | ons het genoeg water by die huis om te drink |
| 2.1.8 | Die reg op bevrediging van basiese behoeftes | H | Peter het afslag gevra nadat hy besef het hy het te veel betaal |
| | | I | Kelly koop 'n produk wat nie die aarde besoedel nie |
| | | J | Sam is 'n wyse verbruiker |

(8)
**[16]**

**VRAAG 3**

3.1 Kies uit die onderstaande lys, VYF voedselbronne van die melk- en melkproduktevoedselgroep. Dui die korrekte antwoord aan deur 'n kruisie (X) oor die letter (A - I) op die antwoordblad te trek.

**Voedselbronne van die melk- en melkproduktevoedselgroep:**

A Margarien
B Roomys
C Pasta
D Maaskaas
E Droë bone
F Jogurt
G Sojamelk
H Kaas
I Melk (5)

3.2 Kies, uit die onderstaande lys, VYF riglyne wat jou help om die beste gebruik van jou hulpbronne te maak as jy voedsel kies deur 'n kruisie (X) oor die letter (A - I) op die antwoordblad te trek.

**VYF riglyne wat jou help om die beste gebruik van jou hulpbronne te maak as jy voedsel kies:**

A Stel 'n inkopieslys op
B Koop altyd in grootmaat
C Koop voedsel wat deel van 'n gebalanseerde dieet vorm
D Koop altyd die goedkoopste voedselitems
E Vergelyk pryse
F Berei voedsel self voor eerder as om geriefsvoedsel te koop
G Koop bederfbare voedsel eerste
H As jy voedsel koop, kyk na die vervaldatum
I Koop altyd by die gemeenskapsmark (5)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**

## AFDELING B: VOEDSEL EN VOEDING

### VRAAG 1

1.1 Dit is belangrik dat almal wat deel van die voedselvoorbereidingsketting is, van die gevare van onhigiëniese hantering van voedsel bewus moet wees.

Beskryf VIER voorsorgmaatreëls in verband met die veilige hantering van voedsel. (4)

1.2 Beskryf DRIE menslike hulpmiddels wat 'n tiener se keuse van voedsel sal beïnvloed. (6)

1.3 Hoe sal die volgende inligting op 'n voedseletiket as materiële hulpmiddel jou keuse van voedsel beïnvloed:

1.3.1 Nutriëntinligting

1.3.2 Vervaldatum

1.3.3 Netto gewig (6)

1.4 Hoe sal groepsdruk 'n tiener se keuse van voedsel beïnvloed? (3)

**[19]**

### VRAAG 2

Lees die onderstaande spyskaarte en beantwoord die daaropvolgende vrae:

Angie (14) het vir die naweek by haar tannie gaan kuier. Hulle het die volgende etes Saterdag geëet:

| Ontbyt | 11:00 | Middagete | Aandete |
|---|---|---|---|
| 2 snye bruinbrood<br>1 geposjeerde eier<br>200 mℓ melk<br>10 mℓ margarien | Skyfies en Coke | Bruinbroodtoebroodjie met 30 mℓ kaas en 10 mℓ margarien<br>1 lemoen<br>1 perske | 90 g stokvis met pietersieliesous<br>125 mℓ verglansde wortels<br>groen slaai (blaarslaai, tamatie en komkommer)<br>175 mℓ roomys met sjokoladesous |

2.1 Kan hierdie spyskaarte as gebalanseerde maaltye bestempel word? Motiveer jou antwoord. (2)

2.2 Bestudeer die spyskaarte op die vorige bladsy en vergelyk Angie se voedsel-inname met die dieetkundige riglyne. Kopieer en voltooi die volgende tabel in die antwoordeboek:

| **Dieetkundige riglyne** | **Vergelyk en bespreek Angie se voedsel-inname met die dieetkundige riglyne** |
|---|---|
| Eet 'n verskeidenheid voedselsoorte | |
| Maak styselkos die basis van die meeste maaltye | |
| Eet gereeld droë bone, ertjies, lensies en soja-bone | |
| Hoender, vis, melk, vleis of eiers, kan daagliks geëet word | |
| Gebruik voedsel of drankies wat suiker bevat matig en nie tussen maal-tye nie | |

(5 x 2) (10)

2.3 Gebruik die bostaande voorbeelde en bespreek hoe die volgende faktore die voedselkeuses van tieners beïnvloed:

2.3.1 Kultuur (3)

2.3.2 Godsdiens (3)

2.3.3 Sosio-ekonomiese status (3)
**[21]**

**TOTAAL AFDELING B: 40**

## AFDELING C: KLEDING

### VRAAG 3

3.1 Mary is 'n tienermeisie. Sy het net R1 000 om op nuwe klere te spandeer. Haar ma het haar daaraan herinner dat sy ook klere vir haar niggie se troue en 'n nuwe sweetpak vir koue dae moet koop. Nie een van hulle kan naaldwerk doen en klere maak nie. Mary wil klere volgens die nuutste modestyle koop. Mary se ma het tyd spandeer deur na die klere-etikette te kyk en die tekstuur te voel. Sy het besluit om Mary na die klerewinkels te vergesel. Nadat hulle die hele middag tyd spandeer het, kom hulle op 'n 30%-af-klere-uitverkoping af.

3.1.1 Verduidelik, met voorbeelde, hoe kultuur 'n invloed op Mary se keuse van klere vir haar niggie se troue kan hê. (6)

3.1.2 Sal Mary se sosio-ekonomiese status haar toelaat om alles te koop wat sy in die nuutste modestyle wil hê? Motiveer jou antwoord. (5)

3.1.3 Mary het besluit om 'n blou denimbroek aan te trek terwyl sy 300 km na die troue reis, in plaas van haar nuwe sy-uitrusting. Motiveer waarom jy dink Mary hierdie besluit geneem het. (5)

3.1.4 Identifiseer die hulpmiddels wat vir Mary beskikbaar was toe sy haar klere gekoop het. Tabuleer jou antwoord soos volg:

| **Menslike Hulpbronne** | **Materiële Hulpbronne** |
|---|---|
| 1. | 1. |
| 2. | 2. |
| 3. | 3. |
| 4. | |

(7)

3.2 Nomsa het 'n rooi katoenhemp en 'n wit 100%-wotrui bo-oor op 'n reënerige dag aangetrek.

3.2.1 Verduidelik, met redes, waarom die trui groter en swaarder as gewoonlik voel. (6)

3.2.2 Wat kon met die nat trui gebeur het as dit vir 'n lang tyd met die rooi hemp in aanraking was? (3)

3.3 Noem en bespreek VIER redes waarom ons klere dra. (8)

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: BEHUISING EN MEUBILERING

### VRAAG 4

4.1 Verduidelik hoe die volgende faktore die behuisingsbehoeftes van 'n gesin beïnvloed:

4.1.1 Pasgetroudes sonder kinders (3)

4.1.2 Leënessindroom (3)

4.1.3 Kulture (3)

4.2 Hoe kan die volgende behoeftes, volgens Maslow se hiërargie, jou keuse van behuising beïnvloed:

4.2.1 Fisiologiese

4.2.2 Veiligheid en sekuriteit

4.2.3 Sosiale

4.2.4 Ego

4.2.5 Self-aktualisering (10)
**[19]**

### VRAAG 5

5.1 Wat is *ergonomie*? (3)

5.2 Verduidelik hoe die volgende ergonomiese beginsels jou keuse van 'n werkstafel beïnvloed:

5.2.1 Kwaliteit (3)

5.2.2 Grootte en hoogte (3)

5.2.3 Werksoppervlak (3)

Kopiereg voorbehou 

5.3 Bestudeer die onderstaande prent en beantwoord die daaropvolgende vrae:



5.3.1 Noem VIER aktiwiteite wat in die vertrek gedoen word. (4)

5.3.2 Stel VIER laekosteverbeteringe voor wat 'n tiener se kamer in 'n meer bruikbare lewensruimte sal omskep. (4)

5.4 Gee EEN rede waarom jy 'n gewone kamerlig en ook 'n studeerlamp nodig het wanneer jy studeer. (1)

**TOTAAL AFDELING D: 40**

## AFDELING E: TEORIE IN VERBAND MET PRAKTIESE WERK

**LET WEL:** Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

### VRAAG 6: VOEDSEL EN VOEDING

Maniza het so pas haar skooljare voltooi en beplan om 'n besigheid te begin. In haar gemeenskap is daar 'n aantal feeste wat gedurende die jaar plaasvind. Sy het besluit om spyseniering vanaf haar huis te doen.

6.1 Noem VIER belangrike dinge wat Maniza nodig het om 'n besigheid van die huis af te begin. (4)

6.2 Maniza het 'n versoek vir 'n verjaardagkoek gekry. Ontwerp 'n produksieplan vir haar om 'n kwaliteitproduk volgens die volgende resep te maak:

SJOKOLADEKOEK

| | |
|---|---|
| 250 mℓ | (120 g) Snowflake meel |
| 125 mℓ | Epic olie |
| 75, mℓ | Royal bakpoeier |
| ½ mℓ | sout |
| 83 mℓ | Nestlé kakao gemeng en afgekoel |
| 83 mℓ | Huletts suiker |
| 125 mℓ | Huletts strooisuiker |
| 4 | Nulaid eiers, geskei |

METODE:

1. Sif die meel, bakpoeier en 83 mℓ suiker in 'n mengbak.
2. Maak 'n holte in die middel en voeg die eiergele, olie en kakao by.
3. Klits die eierwitte styf en voeg die 125 mℓ strooisuiker stadig by.
4. Vou die styfgeklitste eierwitte in die koekmengsel in.
5. Gooi die koekmengsel in twee voorbereide koekpanne en bak by 180 ºC vir 30 - 35 minute.
6. Gooi uit en laat afkoel. Gebruik sjokoladebotterversiersel. (8)

6.3 Bereken die eenheidsprys van die volgende bestanddele wat in die resep gebruik is wat Maniza gekoop het:

6.3.1 1 kg Snowflake meel vir R8,99

6.3.2 750 mℓ Epic olie vir R8,99

6.3.3 ½ dosyn Nulaid eiers vir R4,99 (6)

**[20]**

**OF**

**VRAAG 7: KLEDING**

'n Groep van vier leerders het saamgewerk om 'n rok vir 'n meisie te maak om te verkoop. Hulle het drie meter 100%-katoenmateriaal @ R10,99 per meter, 'n 15 cm-ritssluiter @ R6,50, gare @ R6,99 en 'n halwe meter tussenbelegsel @ R2,99 per meter gekoop. Die patroon het R24,99 gekos.

7.1 Wat was die totale koste van die rou materiaal? (6)

7.2 Wys, deur middel van 'n diagram, die proses wat die leerders gevolg het om 'n klereproduksielyn vir 'n kleinskaalse besigheid op te stel. (8)

7.3 Noem die items wat op die apparaatlys wat die groep nodig gaan hê om hulle werk te voltooi sal wees. (6)

**[20]**

**OF**

**VRAAG 8: SAGTE MEUBILERING**

Jy beplan om 'n tafeldoek (1 m x 2 m) wat deur 'n Suid-Afrikaanse kultuur beïnvloed is, te maak.

8.1 Beraam die koste van die materiaal as 100%-katoenmateriaal (115 cm wyd) R15,99 per meter, tooisels (kant = R10,99 per meter, keperband = R1,99 per meter), 100%-poliësterkatoengare = R5,99 kos. (6)

8.2 Wys, deur middel van 'n diagram, die proses wat jy gedurende die produksie sal volg. (8)

8.3 Noem die items wat op die apparaatlys wat jy sal nodig hê om die tafeldoek te voltooi, sal wees. (6)
**[20]**

**TOTAAL AFDELING E: 20**

**GROOTTOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou